



**AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
BYBELKENNISEKSAMEN – 2021**

GRAAD 9 – VRAESTEL

BESTEK	
Ou Testament	<i>Miga 1-5</i>
Nuwe Testament	<i>Markus 1-3</i>
Les	<i>Les 1 – 9</i>

Afdeling A – Miga 1-3

Vraag 1 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 1.1 Watter amp het Miga beklee?
a) Profeet b) Priester c) Koning d) Ouderling
- 1.2 Wat gebeur met die berge onder die Here? (Miga 1:4)
a) Hulle wankel nie b) Hulle sink weg c) Hulle smelt weg d) Hulle verkrummel
- 1.3 Wat gaan die Here Samaria maak op die veld? (Miga 1:6)
a) 'n mishoop b) 'n puinhoop c) 'n klipstapel d) 'n grondhoop
- 1.4 Watter inwoners het die perde voor die wa gespan? (Miga 1:13)
a) Van Agsib b) Van Adullam c) van Safir d) Van Lagis
- 1.5 Wie sê dat daar nie geprofeteer mag word nie? (Miga 2:6)
a) Valse Profete b) Huis van Jakob c) Die vroue van die volk d) Miga
- 1.6 Wat word begeer en beroof? (Miga 2:2)
a) Geld b) Die velde c) Goud en silwer d) Die vee
- 1.7 Wat het die onreinheid aangerig? (Miga 2:10)
a) Beskimping b) Vyandigheid c) Dwaalspoor d) Verwoesting
- 1.8 Wat word verklaar teen hom wat niks in hulle monde steek nie? (Miga 3:5)
a) 'n Seën b) 'n dankbaarheid c) Vrede d) Heilige oorlog
- 1.9 Die hoofde het vonnisse uitgespreek vir wat? (Miga 3:11)
a) Geld b) 'n Loon c) Geskenke d) Almoese
- 1.10? Wat gaan Miga aan Israel verkondig? (Miga 3:8)
a) Sy Sonde b) Sy heldemoed c) Sy krag d) Sy onheil

Vraag 2 Vul die ontbrekende woorde op die antwoordstel in:

**Bet-Haëser; aangesig; bosrante; beskimping; puinhope; Safir; Jakob; Adúllam;
Israel; meetsnoer;**

- 2.1 **Miga 1:11** – Trek weg in smadelike naaktheid, o inwoners van **A** ! Die inwoners van Saānan trek nie uit nie. Die weeklagte van **B** sal julle daar die verblyf ontnem.
- 2.2 **Miga 1:15** – Nogmaals sal Ek jou 'n veroweraar bring, o inwoner van Marésa; die adel van Israel sal tot by **C** kom.
- 2.3 **Miga 2:5** – Daarom sal daar vir jou niemand wees wat die **D** werp in'n erfdeel in die vergadering van die HERE nie.
- 2.4 **Miga 2:6** – As 'n mens hieroor nie mag profeteer nie, sal die **E** nie ophou nie!

- 2.5 **Miga 2:12** - Gewis sal Ek jou geheel en al versamel, o F! Gewis sal Ek vergader die oorblyfsel van G; almal bymekaarbring soos skape in 'n kraal, soos 'n kudde in sy weiveld; en dit sal dreun van mense.
- 2.6 **Miga 3:4** – Hy sal sy H in dié tyd vir hulle verberg, omdat hulle verkeerde dinge gedoen het.
- 2.7 Daarom sal Sion om julle ontwil soos 'n land omgeploeg en Jerusalem I word en die tempelberg J. (Miga 3:12)

Vraag 3 **Sê of die volgende Waar of Vals is.**
Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 3.1 Die Here gaan uit sy woonplek uit en Hy daar neer tot in die dieptes van die aarde. (Miga 1:3).
- 3.2 In Bed-Ofra het Miga in die stof gewentel (Miga 1:10)
- 3.3 Die dogter van Sion het geen sonde gehad nie (Miga 1:13)
- 3.4 Daar moet 'n afskeidsgeskenk gegee word aan die huis van Marésa (Miga 1:14)
- 3.5 Die kaalplek op die kop moet so groot wees soos die van 'n aasvoël (Miga 1:16)
- 3.6 Die wat onreg uitdink pleeg geweld teenoor die man en sy huis wanneer hulle dit roof. (Miga 2:2)
- 3.7 As die deurbreker optrek voor Israel uit sal die Here agter bly en hulle sal alleen die poort intrek. (Miga 2:13)
- 3.8 Wanneer die volk verkeerde dinge doen, sal die Here nie na hulle roepstem luister nie. (Miga 3:4)
- 3.9 As gevolg van die sonde sal die son ondergaan en die dag sal verhelder in die aanskyn van die profete (Miga 3:6)
- 3.10 Hulle bou Sion met sand en steen en Jerusalem net onreg (Miga 3:10)

Vraag 4 **Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:**

- 4.1 Wat gaan met die klippe gebeur wanneer die Here Samaria gaan straf oor hulle sonde? (Miga 1:6)
- 4.2 Wat gaan met die gesnede beelde gebeur? (Miga 1:7)
- 4.3 Wat het hulle gedoen toe die volk vyandig opgetree het? (Miga 2:8)
- 4.4 As iemand wind nawandel en bedrieglik lieg en sê: Ek sal vir jou profeteer by wyn en sterk drank wat sal hy doen? (Miga 2:11)
- 4.5 Die Here gaan nie antwoord nie dan gaan die sieners beskaamd staan en die waarsêers sal bloos. Wat gaan met almal gebeur? (Miga 3:7)

35 Punte

Afdeling B – Markus 1-3

Vraag 5 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 5.1 Wie is die een wat die pad sal regmaak? (Markus 1:2)
a) Markus b) Jesus c) Johannes d) Paulus
- 5.2 Waar het Johannes die doop van bekering gedoop? (Markus 1:4)
a) In die Woestyn b) In Jerusalem c) In die stad d) In die Sinagoge
- 5.3 Waar is Nasaret geleë? (Markus 1:9)
a) Gálasieë b) Galiléa c) Gadara d) Gomora
- 5.4 In watter dorp het Jesus in die Sinagoge geleer toe daar 'n besetene gekom het? (Markus 1:21)
a) Kapérnaüm b) Kappadosieë c) Kenchrië d) Korinthe
- 5.5 Waarin moet nuwe wyn gegooi word? (Markus 2:22)
a) Lapsakke b) Ou kruike c) Nuwe sakke d) Nuwe kruike
- 5.6 Na watter Ou-Testamentiese figuur, wat honger was en van die toonbroode geëet het, verwys Jesus as Hy oor die sabbat praat? (Markus 2:25)
a) Abraham b) Salomo c) Abjatar d) Dawid
- 5.7 Watter bynaam het hy vir Simon gegee? (Markus 3:16)
a) Kananites b) Paulus c) Boanerges d) Petrus
- 5.8 Die skuitjie moes altyd gereed wees vanweë die ... (Markus 3:9)
a) kwale b) skare c) weer d) dissipels
- 5.9 Wie is die seun van Alféüs? (Markus 2:14)
a) Levi b) Thaddéüs c) Johannes d) Matthéüs
- 5.10 Waarmee was Simon en Andreas besig toe Jesus hulle geroep het? Visnette ... (Markus 1:16)
a) reg te maak b) op te trek c) uit te gooi d) skoon te maak

Vraag 6 Voltooi die volgende sinne en vul die antwoord op die antwoordstel in:

welbehae; gevolg; koors; toegeloop; satan; geroep; mensekinders; skoenriem; kwale; Seun

- 6.1 **Markus 1:7** - Hy wat sterker is as ek, kom ná my, en ek is nie waardig om neer te buk en sy A los te maak nie.
- 6.2 **Markus 1:11** - En daar het 'n stem uit die hemele gekom: U is my geliefde B in wie Ek 'n C het.
- 6.3 **Markus 1:30** - En die skoonmoeder van Simon het siek gelê aan die D.
- 6.4 **Markus 3:10** - Want Hy het baie gesond gemaak, sodat almal wat vol E was, op Hom F het om Hom aan te raak.
- 6.5 **Markus 1:20** - En dadelik het Hy hulle G, en hulle het hul vader Sebedéüs met die gehuurde mense in die skuit laat staan en Hom H.
- 6.6 **Markus 3:23** - En Hy het hulle na Hom geroep en vir hulle deur gelykenisse gesê: Hoe kan die I die Satan uitdryf?
- 6.7 **Markus 3:28** - Voorwaar Ek sê vir julle, al die sondes sal die J vergewe word en al die lasteringe wat hulle mag uitgespreek het

Vraag 7 **Sê of die volgende Waar of Vals is.**
Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 7.1 Net die Joodse land is deur Johannes gedoop. (Markus 1:5)
- 7.2 Johannes het klere gedra wat gemaak is van kameelhare. (Markus 1:6)
- 7.3 Jesus het in die sinagoge gepreek en daar was 'n man met 'n onreine gees. (Markus 1:23)
- 7.4 Toe Jesus gaan bid het, was dit laat in die nag gewees. Dit was donker. (Markus 1:35)
- 7.5 Toe Hy gaan bid het, het Simon hom gevolg. (Markus 1:36)
- 7.6 Die verlamde man is deur ses mense op 'n bed gedra. (Markus 2:3)
- 7.7 Die dissipels van Johannes en die fariseërs en Jesus se dissipels het gevas. (Markus 2:18)
- 7.8 Jesus het op die Sabbat deur die gesaaides geloop en die dissipels het are gepluk. (Markus 2:23)
- 7.9 Die mens is gemaak vir die Sabbat, nie die Sabbat vir die mens nie. (Markus 2:27)
- 7.10 Simon Iskariot is die een wat Jesus sou verrai. (Markus 3:19)

Vraag 8 **Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:**

- 8.1 Wat het Jesus in die sinagoges gedoen? (Markus 1:39) (2 Punte)
- 8.2 Toe die man wat melaats was genees is, het hy vertel daarvan wat gebeur het. Waar het Jesus sy werk voortgesit? (Markus 1:45)
- 8.3 Waar het Levi homself bevind toe hy geroep is? (Markus 2:14)
- 8.4 Watter bynaam het Johannes en Jakobus ontvang? (Markus 3:17)

35 Punte

<i>Afdeling C – Les 1-9</i>

Vraag 9 **Sê of die volgende Waar of Vals is.**
Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 9.1 Ek is van nature geneig om God te haat. (Les 1)
- 9.2 Elke kind van God het die Heilige Gees ontvang. (Les 2)
- 9.3 Die Heilige Gees is net Sondae tydens die erediens by my. (Les 3)
- 9.4 Die liggaam van Christus is die gebou waarin ons kerk hou. (Les 4)
- 9.5 Ek kan verdien om uitgekies te wees deur 'n voorbeeldige lewe te lewe. (Les 5)
- 9.6 Nie alle mense sal gered word nie. (Les 6)
- 9.7 Jy kan enige tyd na God gaan met jou sonde. (Les 7)
- 9.8 Omdat Jesus uit die dood opgestaan het, sal al die gelowiges ook. (Les 8)
- 9.9 As ek in die Here Jesus glo, het ek al klaar toegang tot die ewige lewe. (Les 9)
- 9.10 Al is ek Jesus se kind, kan ek nog verlore gaan. (Les 9)

Vraag 10 **Vul ontbrekende woord op die antwoordstel in:**

liggaamlik, liggaam, Middelaar, bestem, brugbouer, uitverkies, gelowiges, erfgenaam, twyfel, altyd

- 10.1 Die Here Jesus Christus is ons enigste **A** . (Les 1)
- 10.2 Die Heilige Gees word soms 'n **B** genoem. (Les 2)
- 10.3 Die Heilige Gees is **C** by jou. (Les 3)
- 10.4 Die kerk word soms ook die **D** van Christus genoem. (Les 4)
- 10.5 **E** vorm saam die kerk van Jesus Christus. (Les 4)
- 10.6 Die Woord sê dat God party mense **F** en ander in hulle sondige toestand laat bly. (Les 5)
- 10.7 Verordineer beteken ook **G** vir. (Les 6)
- 10.8 As kind van God is ek ook sy **H** . (Les 7)
- 10.9 Die Here Jesus het **I** uit die dood opgestaan. (Les 8)
- 10.10 Die duiwel wil graag hê jy moet **J** of jy die ewige lewe het. (Les 9)

Vraag 11 **Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:**

- 11.1 Wat is nodig om die ewige lewe te ontvang? (Les 1)
- 11.2 Wanneer is die Gees aan die kerk van Jesus Christus gegee? (Les 2)
- 11.3 Wie is die Trooster? (Les 3)
- 11.4 Hoe weet ons of 'n kerkgroep reg is of nie? (Les 4)
- 11.5 Wie verdien almal om uitverkies te word? (Les 5)
- 11.6 Kan ek maar sonde doen want ek is mos uitverkies? (Les 6)
- 11.7 Wat doen die Here met jou as jy jou sonde aan Hom bely? (Les 7)
- 11.8 By die dood vind daar 'n skeiding tussen die twee dele van die mens plaas. Wat is die twee dele? (Les 8) (2)
- 11.9 Wanneer het jy die ewige lewe gekry? (Les 9)

30 Punte

Totaal: 100 Punte